


## BRIEF VAN DIE REDAKTEUR

**MEDE-FONTIE**

"Voorspoedige nuwe jaar." Tans word meeste gesprekke met hierdie woorde ingelei. Maar wat as 2023 dalk nie ŉ voorspoedige nuwe jaar gaan wees nie? Hoe gemaak as dinge net erger gaan word? Wat as onsekerhede net nog meer gaan word en nie gaan afskaal nie? Wat as jy in die nuwe jaar gaan aanhou met bid, maar niks verander nie? Sal jy dan steeds aanhou glo wanneer die jaartal verander? Sal jy steeds op die Here vertrou as moeilikheid nie in 2023 van jou radarskerm verdwyn nie? Wel, as jy hiermee kan saamstem, dan het jou geloof reg grond geraak in jou lewe tydens 2022. As God se genade vir jou genoeg is onder alle omstandighede, dan het jy vanjaar die nuwe hoofstuk met die regte treë begin. Hierdie semester wens ek julle genoeg seën, om jou seëninge te kan tel. Genoeg son om jou en ander se lewe op te helder en laastens wens ek vir jou genoeg voorspoed om jou lewe te verryk.

Die doel van hierdie studentenuusbrief is om die studente op die hoogte te hou oor die nuutste en belangrikste studenteaktiwiteite wat plaasvind. Nie net wil ons die studente ingelig hou nie, maar wel almal betrek en humor verskaf soos hierdie nuusbrief voortleef.

Hierdie studentenuusbrief sal ook een keer per maand elektronies gestuur word na studente. Die redaksionele inhoud is so uiteengesit dat daar ŉ storie vir elkeen is, van studentelewe op kampus, die koshuiskultuur, aktuele sake, kuns, sport en vermaaklikheidsinhoud.

Ek hoop julle is reg vir die topgehalte inhoud wat voorlê. Gaan leef en beleef. Gaan maak jouself onmisbaar.



*Redakteurgroete*
**ELISMA VAN DER WATT**

SPLINTERNUWE KWALIFIKASIE BY AKADEMIA

## BCom-Honneurs in Ondernemingsbestuur

AANSOEKE VIR **2024 OPEN 3 APRIL**

Klik hier vir meer inligting

## STUDENTEKALENDER


**FEBRUARIE**

| Dag | Aktiwiteit |
|---|---|
| 11 Februarie | Rugbyproewe om 17:00 by Centurion Rugbyklub |
| 13-15 Februarie | Sport- en kultuur-koördineerderaansoeke open |
| 17 Februarie | Eerstejaarskonsert |
| 18 Februarie | Primus Chorum (Eerstejaarsdinee) |
| 20 Februarie | Tennisproewe by Irene-buiteklub |
| 20-22 Februarie | Komiteeaansoeke open: Sosiaal, Bemarking en Akademie |

**MAART**

| Dag | Aktiwiteit |
|---|---|
| 2 Maart | Fontiebal (dinee vir Fonties!) |

## FONTIENUUS



Akademia se eerste dosent deel wenke vir jou eerste jaar op universiteit.

**LEES MEER**




2023-eerstejaarskamp maak ongeloof-like energie los onder studente.

**LEES MEER**



Nauurse eerstejaarstudente oor afstand vorm vanjaar deel van die A-gemeenskap.

**LEES MEER**



Dr. Sandra Adendorff, dosent in ekonomie en internasionale bestuur, deel ŉ paar spaarwenke, juis vir Fonties.

**LEES MEER**



Akademia-student werk en studeer vanuit Europa.

**LEES MEER**

## FONTIEFLATER

Fontie is lekker bruingebrand en reg vir die nuwe akademiese jaar. Dit was sommer heerlik om so ŉ pasella van ŉ kontakvrye week vir die seniors te kry. Behalwe dat Fontie toe met ŉ skok besef dat Fontie nog ŉ eerstejaarsmodule moet herhaal as gevolg van te veel sosiale verpligtinge in 2022.

Dit is nou een van Fontie se voornemens vir 2023 om daardie ding van studeer-werk-leef-balans reg te kry. Fontie sal maar by een van die saamwerkruimtes moet uitkom, dit klink of die saamwerk in daardie ruimtes wondere vir sy studie mag verrig. Daar is net een probleem in Centurion se saamwerkruimte. Daardie banke is darem maar baie sag en ná ŉ lang aand van filosofeer en (tee?) drink is Klaas Vakie nie te ver weg nie. Gelukkig moet almal oorfone hê en sny dit Fontie se snorkery ŉ bietjie uit.

Mag die Fonties se koffie sterker wees as die opdragte en mag die studiekers aan albei kante brand.

## SO SÊ ŉ NAUURSE STUDENT

"Ek het besluit dat om oorsee te au pair vir my ideaal is omdat ek steeds aanlyn by Akademia kan studeer terwyl ek Europa verken en daar werk."


**ALIDA JACOBS**
BCom (Ondernemingsbestuur)-student

Stuur enige voorstelle vir nauurse aksies hier



### Leer jou studenteraad ken

Die rol van ŉ studenteraad (SR) is om die studentelewe by Akademia te ontwikkel en te implementeer, sowel as om ŉ stem vir die studente te wees. Lees meer **hier** oor ons interessante SR.




### Voed jou siel, logika en liggaam in 2023

Elke jaar is dit tradisie om nuwejaarsvoornemens en vooruitsigte vir jouself uit te lê. Of dit insluit wat jy alles wil bereik binne jou gemeenskap of organisasie waarby jy betrokke is, en of dit ŉ persoonlike doelwit is waarna jy in daardie jaar wil streef, het ons almal nuwe hoop aan die begin van elke jaar om daardie doelwitte en mylpale te bereik. Daniël Langner, kultuurredakteur deel wenke vir gesonde gewoontes wat jy in 2023 kan aanleer om jou liggaam, logika en siel te versorg om persoonlike sukses te verseker. Lees meer **hier**.





### Elf feite oor Akademia

Akademia is ŉ Christelike hoëronderwysinstelling wat streef daarna om ŉ akademiese tuiste te bied waar studente se denke en hart gevorm kan word. Hier kan jy in Afrikaans studeer, leef en asem haal saam met studente en personeel wat dieselfde passie vir dié taal deel. Ter viering van elf jaar van Akademia en ons nuwe eerstejaars, deel ons elf interessante feite oor Akademia. Lees **hier** vir meer.




### Jy is waardig!

Wêreldse selfbeeld baseer jou waarde op voorkoms, materialistiese besittings en prestasies. Die wêreld baseer jou waardigheid op jou verhoudingstatus of hoeveel gesprekke jy aanlyn kan aanknoop. Dit baseer jou waarde op hoeveel mense jou foto's "like" en wat die kommentaarseksie van jou sê. Al hierdie maatstawwe maak jy jou titel, jy baseer jou selfwaarde daarop en loop dan rond asof dit jou identiteit is. Al wat hierdie besittings en titels doen is om jou groei, potensiaal en invloed te demp. Deidré Fischer, gemeenskapsredakteur vertel meer. Vir die volledige storie, lees **hier**.




### Sakpas Valentynsdag-idees vir studente – in en om Pretoria

Dit is heerlik om jonk en verlief te wees – maar dit is nie altyd so bekostigbaar soos ons dit wil hê nie. Deidré Fischer, gemeenskapsredakteur deel ŉ paar sakpas Valentynsdag-idees wat jy dalk hierdie jaar nodig gaan kry. Lees **hier**.



### Wenke vir vervoer van en na kampus

Die dag wat jy jou eerste tree neem begin jy ŉ lang pad waar jy jouself van een plek na die volgende kan neem. Vir jare lank het studente kampus toe gestap, maar dit is nie altyd moontlik in vandag se tyd nie. Wat doen ons? Leani Smith, nuusredakteur, deel haar wenke **hier**.




### Die belangrikheid van beplanning binne jou studies

Een van die kernelemente wat nodig is om sukses in jou studies te behaal is beplanning. Daar is verskeie komponente gekoppel aan studies, van klasdeelname na eksamens en dan is daar nog jou vryetyd ook. Dit is belangrik om so gou as moontlik te begin beplan en seker te maak jy hou kop met waar jy is in die jaar. Akademia se SR-lid vir Finansies en Akademie, Ruben Barnard, deel met ons die drie maniere hoe hy beplanning toepas binne sy eie studies. Lees **hier**.



### Avatar – ŉ filmanalise deur die kultuurredakteur

Die opvolg van die 2009-film Avatar, het in 2022 sy verskyning gemaak op die grootskerms, en het nie een sent van die begroting gemors nie. Lees meer **hier** oor die film se analise deur Daniël Langer, kultuurredakteur.



### Hoe om stres te hanteer deur na jou geestesgesondheid om te sien

Elke nuwe hoofstuk in ŉ mens se lewe dra ŉ sekere element van stres. Een van die grootste hoofstukke in ŉ jong persoon se lewe is om te begin met universiteit. Die stres daarvan om weg te trek van die huis af, in ŉ nuwe omgewing te wees en dalk nuwe vriende te moet maak kan alles baie vinnig te veel raak vir jou. Daar is wel geen rede om bekommerd te raak nie, want vir elke probleem is daar altyd ŉ oplossing. Leani Smith, nuusredakteur, deel haar insette oor hoe ŉ mens hierdie druk bestuur. Lees **hier**.

AKADEMIA SE
**SOSIALE MEDIA IS VUURWARM**

Volg die platforms hier


**DEEL JOU IDEES VIR SOSIALE MEDIA HIER**

## Fonties se toptienmusieklys!

HIERDIE SPEELLYS IS NUUT, WARM, LEKKER EN DIE BESTE VAN ALLES – AFRIKAANS


**KLIK HIER**


## **Die Winkel** het alles wat jy nodig het vir **klas en meer**











Koop jou Fontie-produkte vandag nog || **KLIK HIER**

## Aansoeke vir die Fontiepos-redaksie is NOU oop!

Het jy ŉ neus vir nuus en ŉ oog vir ŉ mooi foto?

**WORD DEEL VAN DIE 2023-FONTIEPOS-REDAKSIE**

*Klik hier om aansoek te doen*

## *Wil jy eerder ŉ* fotograaf of joernalis *vir die Fontiepos wees?*

Klik hier om aansoek te doen

## Sterkte aan alle mede-Fonties met die eerste semester!

JULLE HET HIERDIE!